higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 3

(9020083)

26 FEBRUARIE 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
1.1.1	Grootste speekselkliere	A	kroonslagare
1.1.2	Spiere van die ken	B	regter- hipochondriese streek
1.1.3	Secretes calcitonin	C	gastroknemius
1.1.4	Spier wat help met asemhaling	D	oor
		E	maag
1.1.5	Bestaan uit elastiese kraakbeen	F	hepatikoslagaar
1.1.6	Voorsien suurstofhoudende bloed aan die hartspier	G	parotiskliere
		H	diafragma
1.1.7	Geleë op die vloer van die mond	I	skildklier
1.1.8	Spiere van die kuit	J	mentalisspiere
1.1.9	'n Orgaan geleë in die linker- hipochrondiese streek	K	neus
		L	sublinguale kliere
1.1.10	Voorsien suurstofhoudende bloed aan die lewer	M	karotisslagare

(10 × 1) (10)

1.2 Hartprobleme affekteer asemhaling en longprobleme affekteer hartfunksie.

Verduidelik hoe die hart en longe saamwerk om te verseker dat elke sel van die liggaam suurstof ontvang. (2 × 2) (4)

1.3 Beskryf die posisie van die volgende organe.

1.3.1 Lewer

1.3.2 Niere (2 × 3) (6)

1.4 Emma het 'n ektopiese swangerskap in haar regter- Fallopiusbuis gehad. Die geaffekteerde buis en die regtereierstok moes chirurgies verwyder word.

Gee jou opinie oor die vraag of Emma weer swanger kan raak. (4)

1.5 Definieer die volgende terme:

1.5.1 Papsmeer


1.5.2 Vasektomie (2 x 2) (4)

1.6 Die bene dra die gewig van die boliggaam. Mense moet die bene en spiere van die bene gebruik wanneer hulle swaar voorwerpe optel. Dit kan probleme veroorsaak as mens hoë hakke dra.

Verduidelik hoe hoëhakskoene kan bydra tot voet- en rugprobleme. (2)
[30]

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die illustrasie hier onder en beantwoord die vrae wat volg. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.



2.1.1 Noem die streke benoem A, E en I. (3)

2.1.2 Noem die orgaan van die urinêre stelsel in die streek wat as D en F benoem is. (1)

2.1.3 Identifiseer TWEE moontlike probleme as 'n persoon pyn het in die streek benoem G. (2)

2.1.4 Noem die limfatiese orgaan wat geleë is in die streek benoem C. (1)

2.1.5 Noem die endokriene orgaan wat agter die maag geleë is. (1)

2.1.6 Verduidelik die endokriene funksies van die orgaan genoem in VRAAG 2.1.5. (4)

Kopiereg voorbehou

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Die freniese senuwee beheer die diafragma.

2.2.2 Die orbicularis oculi is 'n spier wat gesigsuitdrukking beheer.

2.2.3 Die eksterne karotisslagare voorsien suurstofarm ('deoxygenated blood') aan die gesig.

2.2.4 Die voorste deel van die neus bestaan uit elastiese kraakbeen.

2.2.5 Die skedel bestaan uit agt skedelbene.

2.2.6 Die byniere skei die hormoon adrenalien af.

2.2.7 Die servikale pleksus voorsien spierimpulse aan die torakale strukture.

2.2.8 Die inguinale limfkliere dreineer limfatiese strukture van die arm.

2.2.9 Die labia minora en labia majora is organe van die eksterne vroulike voortplantingsorgane.

2.2.10 Die prostaatklier is deel van die endokriene stelsel.

(10 × 1) (10)

2.3 Noem twee sagte plekke op die skedel van 'n pasgebore baba en dui aan op watter ouderdom elkeen van hierdie plekke sluit. (2 × 2) (4)

2.4 Identifiseer die volgende spiere:

2.4.1 Die spiere om die mond

2.4.2 Die spier van die ken

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n woord(e) uit die lys wat verskaf word wat die stellings hier onder die beste beskryf. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

abdominale slagare; mesenteriese slagare; kwadrisepspier; appendisitis; ilium (heupbeen); iskium (sitbeen); ovulasie; diepaartrombose; kardiale sluitspier; aorta; voetwortelbeentjies; handwortelbeentjies; piloriese sluitspier

3.1.1 Die sluitspier tussen die slukderm en die maag

3.1.2 Are wat bloed uit die ingewande dreineer

3.1.3 Spiere van die boude

3.1.4 Inflammasie van die blindederm

3.1.5 Die sfinkter tussen die maag en die duodenum

3.1.6 Die grootste van die heupbene

3.1.7 Die produksie van 'n ontwikkelde eiersel

3.1.8 'n Bloedklont in die onderbene

3.1.9 Die hoofbloedvat van die liggaam

3.1.10 Bene van die gewrigte

(10 × 1) (10)

3.2 Mense maak kontak met die omgewing deur hul sintuie. Mense wat blind of doof is ondervind uitdagings in hul daaglikse lewens.

Verduidelik hoe blinde en dowe mense dit regkry om oor die weg te kom.

(2 × 2) (4)

3.3 Een van die funksies van die vel is om die liggaamtemperatuur te kontroleer/ Die vel word aan hitte en koue blootgestel. Die liggaam moet beskerm word sodat dit nie temperature ondervind wat te hoog of te laag is nie.

Verduidelik hoe die vel die afkoeling en verhitting van die liggaam beheer. (6)

3.4 Noem die VYF ontwikkelingstadiums van Sigmund Freud in die korrekte volgorde. (5)

3.5

Jou klas skryf elke week 'n toets. Jou onderwyser het belowe dat daardie studente wat die toets slaag, 'n stokkielekker sal kry. Die studente wat druip, sal nie 'n stokkielekker kry nie.

3.5.1 Identifiseer die teorie wat in die gedeelte hierbo gedemonstreer word. (1)

3.5.2 Verwys na die gedeelte hierbo en Verduidelik die teorie wat in VRAAG 3.5.1 genoem word. (2 × 2) (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem die stelsels waartoe die volgende strukture behoort. Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Borskliere/Melkkliere

4.1.2 Voetwortelbeentjies

4.1.3 Dermis (Onderhuid)

4.1.4 Timus

4.1.5 Rectus abdominus

(5 × 1) (5)

4.2 Beskryf hoe die volgende intra-okulêre strukture die oog beskerm.

4.2.1 Oogbindvlies (‘Conjunctiva’)

4.2.2 Iris (Reënboogvlies)

4.2.3 Buiteoogvlies (Sklera)

(3 × 2) (6)

4.3 Die vel is die grootste orgaan van die liggaam. Die vel is die sintuigorgaan van aanraking en speel ook 'n belangrike rol in die immunstelsel.

Noem en verduidelik die twee funksies van die vel wat in die teks hierbo genoem is. (2 × 2) (4)

4.4 Teken 'n breinkaart en toon aan watter dele van die skelet beskerm die hart en die longe. (5 × 2) (10)

4.5 Mpho is 6 maande oud. Hy hou daarvan om rond te kruip en aan alles te raak wat hy sien.

Noem die kognitiewe ontwikkelingstadium waarin Mpho homself volgens Juan Piaget hom bevind.

Motiveer jou antwoord. (5)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem die GROOT VYF persoonlikheidskenmerke. (5 × 2) (10)

5.2 Jy eet 'n rolletjie met skyfies en drink 'n Coke terwyl jy die nuutste modes met jou vriendin bespreek. Jy begin skielik hoes nadat jy nog 'n happie gevat het. Dit voel of die kos in die verkeerde opening ingegaan het.

5.2.1 Identifiseer die tipe immuniteit wat veroorsaak het dat jy hoes. (1)

5.2.2 Identifiseer die struktuur (opening) waarin die kos moontlik beweeg het. (1)

5.2.3 Watter asemhalingstruktuur het versuim om te funksioneer? Motiveer jou antwoord. (5)

5.2.4 Verduidelik hoe jy jou immuunstelsel in gevaar stel. (2)

5.2.5 Stel 'n oplossing voor vir die antwoord wat jy in VRAAG 5.2.4 verskaf het. (Verduidelik wat jy behoort te doen om nie jou immuniteitstelsel in gevaar te stel nie). (3)

5.3 Noem DRIE tipe skadelike mikro-organismes en gee EEN voorbeeld van elkeen. (3 × 2) (6)

5.4 Verduidelik Erik Erikson se ontwikkelingstadium 'Vertroue vergeleke met Wantroue' ('Trust compared to Mistrust'). (2)

[30]

VRAAG 6

6.1 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 (Antigene/Teenliggaampies) kan die invallende organismes van spesifieke siektes herken.

6.1.2 (Anafilaktiese skok/Outo-immuniteit) is 'n hewige allergiese reaksie op sommige allergene.

6.1.3 'n Mikroskoop word gebruik om (mikro-organismes/voedsel) waar te neem.

6.1.4 (Antibiotika/Antihistamiene) is medikasie wat gebruik word om die simptome van 'n allergie te verlig.

6.1.5 (Asma/Hooikoors) veroorsaak dat die lugweë van die longe swel.

6.1.6 'n Voorbeeld van beskerming deur die vel is (hoendervel/moesies)

6.1.7 (Fagositose/Silia) is 'n voorbeeld van tweedelinieverdediging van die liggaam.

6.1.8 Die kopvel bestaan uit (vier/vyf) lae.

6.1.9 (Paraplegie/Kwadruplegie) is verlamming van die liggaam van die nek ondertoe.

6.1.10 Die rugmurg word beskerm deur die (skedel/rugwerwels).

(10 × 1) (10)

6.2 Volgens Erik Erikson wil 'n jong volwassene in 'n ernstige verhouding wees of 'n intieme maat hê.

6.2.1 Kies die ontwikkelingstadium waarna die teks verwys. (1)

6.2.2 Stel moontlike gevolge voor was 'n jong mens nie suksesvol is om 'n intieme maat te kry nie. (2)

6.2.3 Noem die laaste TWEE stadiums van Erikson se teorie. (2)

6.3 Dui aan of die volgende stellings na natuurlike of verworwe immuniteit verwys. Skryf slegs 'Natuurlik' of 'Verworwe' langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.3.1 Jy nies as gevolg van die hoë konsentrasie stuifmeel in die lug.

6.3.2 Borsvoed 'n baba

6.3.3 Jy vomeer nadat jy geëet het waarvan die datum verstryk het.

6.3.4 Teenliggaampies weens waterpokkies

6.3.5 Trane in jou oë wanneer die wind stof in jou oë waai

(5 × 1) (5)

6.4 Verduidelik hoe die vroulike voortplantingsorgane beskerm word. (4)

6.5 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.5.1–6.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

introvert; in wisselwerking wees ('interact'); alleen; konsentreer; teruggetrokke; aanvoeling/gewaarwording ('sensing'); pligsgetrou

My persoonliheidstipe is (6.5.1 ...), omdat ek daarvan hou om met die buitewêreld in aanraking te kom en om baie tyd saam met my vriende deur te bring. Ek vind dit baie moeilik om te gaan sit en (6.5.2 ...). My vriendin is baie stil en (6.5.3 ...). Sy verkies dit om (6.5.3 ...). Haar persoonlikheidstipe is (6.5.4 ...). My suster is hardwerkend, georganiseerd, betroubaar en verantwoordelik. Haar persoonlikheidstipe is (6.5.6 ...).

(6 × 1) (6)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou